# AFRIKAANS EAT
# Graad 10,11 & 12

## WOORDSOORTE

## 1 selfstandige naamwoord

**Soorte:**

1.1 **Eienaam**: Lerrato, Matonsi, Afrika, Beeld.
1.2 **Soortname**: boom, leeu, maan, tydskrif.
1.3 **Abstrakte selfstandige naamwoorde**: vriendskap, liefde, haat, jaloesie.
1.4 **Versamelname**: **trop** olifante, **skool** visse

? Hoe ken ek 'n selfstandige naamwoord uit?

- Meervoud
- Verkleining
- Geslag
- Kan 'n lidwoord vooraan kry
- Kan met die sintuie waargeneem word
- Woorde wat eindig op -heid, -ing, -isme en -skap is hoofsaaklik abstrakte selfstandige naamwoorde.

## 2 byvoeglike naamwoord

**Soorte:**

2.1 **Attributiewe** byvoeglike naamwoorde (staan voor die selfstandige naamwoord wat dit beskryf). Die **reuse** olifant eet 'n **groen** blaar.
2.2 **Predikatiewe** byvoeglike naamwoorde (staan na die selfstandige naamwoorde wat dit beskryf). Die bok is **vlugvoetig**.

? Hoe ken ek 'n byvoeglike naamwoord uit?

- Trappe van vergelyking: vinnig, vinniger, die vinnigste
- Intensiewe vorme: vinnig – blitsvinnig
- Verbuiging: Die **vinnige** puma.

## 3 werkwoord

Dui 'n handeling of 'n funksie in die sin aan.

**Soorte:**

3.1 **Selfstandige werkwoorde staan selfstandig (alleen) in 'n sin.**

- *Oorganklike werkwoorde:*
  Dit is wanneer daar 'n direkte voorwerp in die sin is:
  Die jagter skiet die leeu.
- *Onoorganklike werkwoorde:*
  Dit is wanneer daar nie 'n direkte voorwerp in die sin is nie:
  Die jagter skiet graag.

**3.2 Hulpwerkwoorde kom altyd saam met 'n hoofwerkwoord in 'n sin voor:**

- *Hulpwerkwoord van tyd:*
  Die jagter het die bok geskiet.
  het = hulpwerkwoord en geskiet = hoofwerkwoord.
- *Hulpwerkwoorde van vorm (lydende vorm):*
  Die bok is deur die jagter gekwes.
  is = hulpwerkwoord en gekwes = hoofwerkwoord.

**3.3 Koppelwerkwoorde vervul slegs die funksie van koppeling:**
Die leeu is baie sterk.
Koppelwerkwoorde: is, word, skyn, heet, blyk, lyk.

**3.4 Die infinitief**
Dit is 'n vorm van die selfstandige werkwoord wat nie aandui dat die aksie deur iemand of iets verrig word nie.

- Die infinitief **om te**:
  Dit is heerlik **om te swem.**
  Die man is besig om sy baadjie **aan te trek.**
- Die infinitief **te**:
  Die huis is **te huur.**
  Deur jou huiswerk **te doen**, sal jy beter vaar.
- Die infinitief sonder om **om te** of **te** te gebruik:
  (**Om te**) Swem is lekker.
  Hy leer (**om te**) swem.

Onthou: die infinitief is altyd **om te** plus die werkwoord.

? Hoe ken ek 'n werkwoord uit?

- Werkwoorde dui gewoonlik 'n handeling aan.
- Baie werkwoorde kry 'n ge- in die verlede tyd.
- Plaas **ek** vooraan die werkwoord en kyk of dit sin maak: ek swem, ek slaap, ensovoorts.

## 4 Voornaamwoord

Dit staan in die plek van 'n selfstandige naamwoord.

**Soorte:**

4.1 **Persoonlike vnw.**
Ek, ons, hy, sy, hulle, ensovoorts.

4.2 **Besitlike vnw.**
My fiets – myne, joune, ons s'n, ensovoorts.

4.3 **Vraende vnw.**
Wie loop daar?

4.4 **Aanwysende vnw.**
Hierdie, daardie, dié

4.5 **Betreklike vnw.**
Het betrekking op die voorafgaande persoon of saak:
Die perd **waarop** sy ry, is wild.
Die man **wat** daar loop, is my broer.

4.6 **Onbepaalde vnw.**
Iemand, niemand, sommige, ensovoorts.

4.7 **Wederkerende vnw.**
Ek skaam **my**.
(Die onderwerp en voorwerp is dieselfde persoon.)

4.8 **Wedekerige vnw.**
Ons groet **mekaar**.

## 5 Bywoord

**Soorte:**

5.1 **Bywoord van plek**: waar? Dit reën **elders**.
5.2 **Bywoord van tyd**: wanneer? Die hond pas **saans** die huis op.
5.3 **Bywoord van wyse**: hoe? Die luiperd hardloop **vinnig**.

? *Hoe ken ek 'n bywoord uit?*

- 'n Bywoord beskryf gewoonlik 'n werkwoord, maar kan ook saam met ander bywoorde, byvoeglike naamwoorde, telwoorde en voorsetsels gebruik word.
- Die beste manier om 'n bywoord uit te ken is om die vrae: waar? hoe? en wanneer? te vra.
- Baie bywoorde het, net soos byvoeglike naamwoorde, trappe van vergelyking.

## 6 Telwoord

**Soorte:**

6.1 **Hooftelwoorde**: dui hoeveelheid aan.
- Bepaald: een, sewe, twintig.
- Onbepaald: baie, verskeie, min.

6.2 **Rangtelwoorde**: dui volgorde of posisie aan.
- Bepaald: eerste, sewende, twintigste.
- Onbepaald: middelste, laaste, soveelste.

## 7 Lidwoord

**Soorte:**

7.1 **Bepaalde lidwoord**: die
7.2 **Onbepaalde lidwoord**: 'n

## 8 voorsetsel

Dit is verhoudingswoorde en verbindingswoorde:

Die bok spring **oor** die sloot.
Die vis swem **in** die dam.

## 9 voegwoord

Die voegwoord voeg of bind woorde, sinne en woordgroepe.

Die jagter slaap **en** snork, **want** hy is moeg.

## 10 Tussenwerpsel

Dui emosie en gevoel aan.

**Eina**, my toon is seer!
**Sjoe**, dis warm.